

PRODUKSIETOESTANDE VERSLAG

02 APRIL 2026



Gewas toestand
Crop Condition



Klimaat
Climate



Vergelyk
Compare



Opbrenge potensiaal
Production potential



Gewas opkoms
Greenup



Kaarte
Maps



Verslae
Report

Indeks

1. DEFINISIES
2. HERSIENTE OPPERVLAKTE BEPLANT EN TWEEDE
PRODUKSIESKATTING
3. OPSOMMING
4. REËNVAL
5. GRONDVOG INDEKS
6. GROENBLAAR INDEKS

Definisies

- **Grondvog Indeks:**

Gee 'n oorsig van die grondwaterpersentasie gedurende die groeiseisoen. Dit vergelyk drie periodes: die huidige seisoen, die vorige seisoen en die 5-jaar gemiddelde. Hierdie gemiddelde dien as 'n basislyn wat tipiese grondwatertoestande aandui.

- **Groenblaar Indeks (GLI):**

Die GLI is die waardes oor die groeiseisoen, wat die patrone van gewasgroei gedurende die seisoene illustreer.

- **Gewastoestande**

Gewastoestande beskryf die algehele gesondheid en opbrengspotensiaal van gewasse, gebaseer op reënval, grondvog en omgewingsstresfaktore.

Al die 2025/26 seisoen data is vanaf 1 Julie 2025 tot 02 April 2026.

HERSIENTE OPPERVLAKTE BEPLANT EN TWEEDE PRODUKSIESKATTING VAN DIE 2025/26 PRODUKSIESEISOEN (NOK)

CROP/GEWAS	Area planted/ Opp beplant 2026 HA (A)	2nd forecast/ 2de skatting 2026 Tons (B)	1st forecast/ 1ste skatting 2026 Tons (C)	Yield/ Opbrengs 2026 Tons/Ha (B) / (A)	Area planted/ Opp beplant 2025 HA (D)	Final crop/ Finale oes 2025 Tons (E)	Change/ Verandering % (B) / (C)
Commercial/ Kommersieël:							
White maize/ Witmielies	1 664 700	8 757 850	8 509 550	5,26	1 599 700	8 450 000	2,92%
Yellow maize/ Geelmielies	1 051 500	7 750 450	7 616 800	7,37	997 000	8 200 000	1,75%
Total maize/ Totale Mielies	2 716 200	16 508 300	16 126 350	5,94	2 596 700	16 650 000	2,37%
Sunflower seed/ Sonneblomsaad	570 100	778 155	754 475	1,36	555 700	700 000	3,14%
Soybeans/ Sojabone	1 212 700	2 729 975	2 661 425	2,25	1 151 000	2 800 000	2,58%
Groundnuts/ Grondbone	44 650	69 360	65 238	1,55	48 125	63 350	6,32%
Sorghum	45 000	140 653	131 888	3,13	41 150	150 000	6,65%
Drybeans/ Droëbone	40 950	80 704	78 594	1,97	45 620	90 556	2,68%
TOTAL/TOTAAL	4 629 600	20 307 147	19 817 969	4,39	4 438 295	20 453 906	2,47%

Bron: NOK. Die 3de NOK-produksieskatting sal op 23 Maart vrygestel word.

Opsomming

Gewastoestande





Gewastoestande in die somerreënvalstreke bly oor die algemeen gunstig, ondersteun deur wydverspreide en bogemiddelde opvolgreën in sentrale gebiede. Streke in die Vrystaat, Noordwes en die Oostelike-Hoëveld het voordeel getrek uit goeie grondvogtoestande, wat gewasontwikkeling ondersteun het en die opbrengspotensiaal verbeter het, veral vir laat aangeplante gewasse. Oormatige reënval in dele van die noordwestelike Vrystaat en Noordwes het egter versuipte gronde, plaaslike oorstromings en vertraging in stroop aktiwiteite tot gevolg gehad. Hierdie nat toestande vertraag ook die uitdroging van gewasse, veral mielies en sojabone, wat die tydsberekening van die oes en die gewasse se kwaliteit in sommige gebiede kan beïnvloed. In teenstelling hiermee ervaar Limpopo steeds ongelyke reënvalverspreiding, wat lei tot wisselende grondvogtoestande en gemengde produksietoestande regoor die streek. Oor die algemeen bly produksietoestande oor die meeste streke gunstig, maar die seisoen word toenemend gekenmerk deur 'n kontras tussen gebiede wat voordeel trek uit voldoende grondvog (opvolgreën) en dié wat uitdagings ervaar weens oormatige reënval of ongelyke verspreiding. Droër toestande sal in die komende weke belangrik wees vir die stroop van gewasse.

Hierdie is die laaste amptelike Produksietoestande verslag van die somergraanstreek vir hierdie seisoen. Vanaf volgende week sal 'n Produsente lewerings verslag uitgestuur word.

Totale Reënval

Totale Reënval/Total Rainfall

Reënval vir die afgelope 30 dae/Rainfall for the past 30 days



**Al die data vir die 2025/26 seisoen is vanaf 1 Julie 2025 tot 2 April 2026*


Leaflet | Icon Map | Tiles © Mapbox © OpenStreetMap

Leaflet | Icon Map | Tiles © Mapbox © OpenStreetMap

0-50 mm	50-100 mm	100-200 mm	200-300 mm	300-400 mm	400-600 mm	600-800 mm	>800 mm
---------	-----------	------------	------------	------------	------------	------------	---------

0-10 mm	10-25 mm	25-50 mm	50-75 mm	75-125 mm	125-175 mm	175-250 mm	>250 mm
---------	----------	----------	----------	-----------	------------	------------	---------

Seisoen reënval afwyking/Season rainfall deviation



Reënvalpatrone oor die afgelope paar weke het steeds gewastoestande in die somerreënvalstreke beïnvloed, met bo-gemiddelde reënval wat oor 'n groot deel van die westelike en sentrale produksiegebiede aangeteken is, terwyl noordelike streke soos Limpopo meer veranderlik bly.

Vrystaat:


- ❑ **Noordwes-Vrystaat:** Die streek het die afgelope week aansienlike reënval ontvang, veral rondom Hoopstad, wat tot nat toestande gelei het. In teenstelling hiermee het gebiede in die rigting van Bothaville oormatige reënval in 'n kort tydperk ervaar, wat tot stilstaande water en gewasskade gelei het. Terwyl reënval gewasontwikkeling in sommige gebiede ondersteun het, het dit ook die stroop van die huidige oes vertraag weens nat kondisies in die lande.
- ❑ **Oos-Vrystaat:** Die oostelike dele van die provinsie het die afgelope twee weke egalige en waardevolle reënval ontvang. Toestande bly oor die algemeen nat, wat sterk gewasontwikkeling ondersteun en 'n gemiddelde tot bogemiddelde gewaspotensiaal handhaaf.

Limpopo: Reënval bly verdeeld in die streek, met verspreide buie wat aangeteken is, maar nie wydverspreid nie. Dit het gelei tot voortdurende veranderlikheid in gewastoestande, met sommige gebiede wat daarby baat vind terwyl ander relatief droog bly.

Oostelike Hoëveld: Die streek het die afgelope week goeie en konstante reënval ontvang. Alhoewel dit gewastoestande verbeter het en graanvulling ondersteun het, het dit ook natter gewastoestande veroorsaak wat die afdroging van volwasse gewasse vertraag het.

Noordwes: Reënval aangeteken oor 'n groot deel van die provinsie was gesien as normaal tot effens bo-gemiddeld oor die afgelope twee weke, wat vogbesikbaarheid verbeter en gewasontwikkeling ondersteun. Aanhoudende reënval vertraag egter stroop aktiwiteite, veral in sonneblomproduserende gebiede, aangesien lande te nat bly vir bedrywighede.

Grondvog Indeks / Soil Water Index



Die grondvog indeks vergelyk huidige vogvlakke met beide die vorige seisoen en die 5-jaar gemiddelde. Onlangse reënval het bygedra tot bogemiddelde vogvlakke in baie streke, terwyl gebiede met beperkte reënval min verbetering toon.

Vrystaat


- ❑ **Noordwes-Vrystaat:** Grondvogvlakke is bogemiddeld, met sekere gebiede wat oorversadiging ervaar. Tussen Hoopstad en Bothaville is gronde versadig met staande water. Terwyl dit gewasgroei in sommige gebiede ondersteun, dra oormatige vog by tot gewasskade en beperk dit stroop aktiwiteite.
- ❑ **Oos-Vrystaat:** Grondvogvlakke bly goed en is bo beide die vorige seisoen en die vyf-jaar gemiddelde. Voortgesette reënval het effens bo-gemiddelde toestande volgehou, wat gewasontwikkeling regoor die streek ondersteun.

Limpopo: Grondvog bly ondergemiddeld in baie droëlandgebiede as gevolg van ongelyke reënvalverspreiding. Alhoewel geïsoleerde gebiede effens verbeter het, het die algehele vogvlakke min verander in vergelyking met vorige weke.

Oostelike Hoëveld: Grondvogvlakke bly matig, in ooreenstemming met vorige evaluasies. Voldoende vog ondersteun steeds laatstadium-gewasontwikkeling, hoewel nat toestande droogte vertraag en oesgereedheid vertraag.

Noordwes: Grondvog het verbeter na goeie opvolgreënval, wat laat geplante mielies en sonneblomme ondersteun. Bo-gemiddelde vogvlakke in sekere gebiede beperk egter nou toegang tot lande waar gestroop moet word. Grondvog is bo beide die vorige seisoen en die 5-jaar gemiddelde in die natter areas.

Gewas Toestand / Crop Condition



**Al die data vir die 2025/26 seisoen is vanaf
1 Julie 2025 tot 2 April 2026*



Die Groenblaarindeks (GLI) weerspieël gewasgroeï en ontwikkeling deur die loop van die seisoen, met toestande in die meeste somerreënvalstreke wat aansienlik bo die 5-jaar gemiddelde is.

Vrystaat: Die GLI-indeks is aansienlik bo die 5-jaar gemiddelde.

☐ **Noordwes-Vrystaat:** In Hoopstad het produsente begin om sonneblomme en sommige vroeë mielies te oes waar toestande dit toegelaat het. Verskeie lande bly nat, wat die vordering beïnvloed van die stroop proses. In Bothaville het die onlangse reënval gelei tot oorversadigde lande en vertraging met die stroop proses, waar waterskade ook gesien kan word. Wesselsbron gebied begin vroeë geplante mielies geleidelik droog word.

Oos-Vrystaat: In gebiede rondom Bethlehem, Fouriesburg en die Harrismith-gebied voltooi sojabone saadvulling en mielies nader aan volwassenheid. 'n Beperkte vroeë oes het plaasgevind waar lande toeganklik was, terwyl baie produsente wag vir verbeterde toestande.

Limpopo: In Springbokvlakte en omliggende gebiede het die stroop van sorghum, sonneblom en besproeiende mielies aan die gang. Droëlandgewasse op die lande toon verskillende uitkomst afhangende van die reënval wat vroeër in die seisoen ontvang is.

Oostelike Hoëveld: In Mpumalanga (Ermelo, Amersfoort, Carolina en Breyten) het sommige produsente begin om mielies en sojabone te stroop. Mielies bly nat in baie lande en die droogproses van sojabone is stadig as gevolg van onlangse reënval. Bo-gemiddelde oeste vir sojabone en mielies word verwag in gebiede wat deur vroeëre waterskade geraak is. Later geplante gewasse bly in hul finale ontwikkelingsfases.

Noordwes: Sonneblomoes het begin in dele van Lichtenburg, Sannieshof en Mareetsane, hoewel reënval herhaalde onderbrekings veroorsaak het. Mielies droog geleidelik af, en laat geplante lande vorder in hul graanvulfases. In Christiana en Hartswater het sommige produsente begin om vroeë mielies en grondbone te oes, terwyl die meeste mielies op die land bly as gevolg van nat veld-toestande.



DANKIE!

Vir enige navrae:

Grain SA

Corne@grainsa.co.za / Cathrine@grainsa.co.za / Gerrit@grainsa.co.za

Vrywaring: Die inligting hierin is verkry uit verskeie bronne, waarvan Graan SA nie die akkuraatheid en/of volledigheid waarborg nie en waarvoor Graan SA geen aanspreeklikheid aanvaar nie. Enige pryse of vlakke hierin vervat is voorlopig en slegs aanduidend en verteenwoordig nie biedings of aanbiedinge nie. Hierdie aanduidings word slegs vir u inligting en oorweging verskaf.

GRAIN | GRAAN